Dinsdag **9 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 96:1-13 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 93:2, 13**

**Sy koms is onstuitbaar**

’n Koningspsalm wat die oppermag van God besing. Die hele skepping word opgeroep om Hom te verheerlik, want Hy is ontsagwekkend, meer as alle gode. Tot drie maal sing die digter: Gee eer aan Hom. En sing en buig in aanbidding, bewe in sy teenwoordigheid. Verkondig sy verlossing, Hy kom om die aarde te oordeel.

Die skepping buk onder die las van die sonde. So skryf Paulus in Romeine 8:22 dat die ganse skepping tot nou toe saam met ons sug, ja, in geboortepyne verkeer. Hy kom om te oordeel en sy koms is onstuitbaar.

As ons vanuit die Nuwe Testament dié Psalm lees, dan weet ons dis Christus. Ons weet van die verlossing en ons weet van sy wederkoms (vs 13) en dat dit die dag van oordeel sal wees. Vir die aarde ’n verlossing, want ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde sal kom, maar die mens sal voor God verskyn. Hy sal die volke oordeel ooreenkomstig sy trou. Elkeen van ons sal voor sy troon verskyn. Goddank. Jesus sal daar wees om vir ons in te tree. Om te sê: “Rein gewas.”

Soos wat sy koms onstuitbaar is, sal sy genade onstuitbaar wees vir die wat in Hom glo. Laat u gebede en u lewe vol dankbaarheid wees vir die genade.

*Sing: Skrifberyming 9:1, 5*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*